basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## DRAMATIESE KUNSTE

## 2019

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 33 bladsye en 3 bylaes.**

*Kopiereg voorbehou*

**ALGEMENE AANTEKENINGE VIR DIE HOOFNASIENER EN NASIENERS**

1. Die doel van assesserings-/eksamenprosesse is nie net om die 'memorisering' van kennis wat onderrig en geleer is op elk van die 6 kognitiewe kennisvlakke te bepaal nie, maar ook om die kompleksiteit van die denkproses wat die kandidaat toepas op die kennis wat uit die geheue herwin is, te bepaal. Die instrument wat gebruik word om hierdie twee komponente te assesseer, is Anderson en Krathwohl se hersiene Blooms se Taksonomie.
   - 6 kognitiewe moeilikheidsvlakke
   - 4 kompleksiteitsdenkprosesse
2. Die nasienriglynbesprekingsforum voordat nasien begin, kan nie genoegsaam alle antwoorde voorspel nie. Provinsiale nasieners moet dit in ag neem en oop wees vir kandidate se antwoorde. Maak seker dat verskillende onderrigstyle nie die leerder/kandidaat benadeel nie.
3. Gebruik die eerste dag om die kwaliteit en hoeveelheid bewyse in die nasienriglyne te evalueer, die vereiste antwoorde te standaardiseer en om algemene definisies en begrippe te vind. Assimileer die:
   - Verwagte antwoorde op elke vraag
   - Die kognitiewe moeilikheidsvlak vereis van die kandidaat
   - Die tipe denkproses en -kompleksiteit wat van die kandidaat verwag word
   - Aksiewerkwoorde gebruik by elk van die kognitiewe vlakke en die tipes bewyse vereis (feite, konsepte, prosesse en denke)
   - Verwys na die bylaes aan die einde van die nasienriglyne
4. As die nasienriglyn nie duidelike riglyne verskaf nie, moet 'n nasiener, met kort kommentaar, aandui waarom punte toegeken moet word of nie.
5. Maak 'n duidelike merkie langs die betrokke aspekte ten opsigte van kognitiewe vlak/kompleksiteitsdenkproses/konsep/inhoud/vaardighede/kennis wanneer 'n punt toegeken word. Nasieners moet aktief by die antwoord betrokke wees.
   - Verwys na die bylaes aan die einde van die nasienriglyne
6. Daar moet gedurende die nasienproses etlike konsultasierondtes wees om te verseker dat nasien gestandaardiseer is.
7. Waar 'n kandidaat meer as die voorgestelde getal woorde geskryf het, moet hy/sy nie gepenaliseer word nie (bv. opstelvraag).
8. Sien globaal na, waar moontlik. Nasieners aanvaar enige korrekte, relevante en goed gemotiveerde antwoorde.
9. Nasieners moet seker maak dat die kandidate se antwoorde ooreenstem met die KABV-dokument se Breë Onderwerpe en Onderwerpe.

## STANDAARDISERING VAN NASIEN IN AL DIE PROVINSIES

**Nasien van Opstel- en Antwoordvrae**

Die hoofnasiener in elke provinsie moet die paradigma waaruit die vrae en die bygaande nasienriglyne ontwerp en opgestel is, verstaan:

1. **Inhoudsmoeilikheidsgraad:**
   Hoe kompleks is die ontwerp van die vraag? Word die inhoud op die korrekte vlak geassesseer?
2. **Taakmoeilikheidsgraad:**
   Wat is die kognitiewe vlak en denkproses wat van die kandidaat verwag word?
3. **Stimulusmoeilikheidsgraad:**
   Hoe moeilik of maklik is dit om die bron te verstaan en toe te pas?
4. **Moeilikheidsgraad van die antwoord wat verwag word:**
   Wat is die hoeveelheid/aantal (hoeveel) en gehalte/kwaliteit (hoe goed) van die verwagte antwoord wat van die kandidaat vereis word, soos in die nasienriglyne gegee?
   Is dit in lyn met die item, taak en stimulus?
   Is die punte toepaslik toegeken en geweeg?

–Leong: 2002

Wanneer nasieners aan die begin van die nasienproses opgelei word moet die hoofnasiener in elke provinsie die volgende prosedure volg. Dit sal help met die standaardisering van die puntetoekenning van kandidate se opstelle en antwoorde vir elke deel van die eksamen. Dit sal ook nasionale nasienprosedures, -prosesse en -uitslae standaardiseer.

*Inleiding tot die Taak*

- Nasieners lees die taak wat van die item vereis word en som dit op.
- Nasieners lees die item en beplan 'n antwoord op die taak.
- Nasieners deel antwoordplanne en som verwagtings vir kandidaatantwoorde op/ deel nie net die hoeveelheid (aantal) bewyse nie, maar ook die gehalte van bewyse (hoe goed).

*Inleiding tot die Rubriek en Ankervraestelle*

- Opleier hersien rubriek met verwysing na die taak.
- Opleier hersien prosedures vir die toeken van holistiese punte (d.i. deur bewyse van die antwoord by die taal van die rubriek te pas en deur alle eienskappe ewe veel te laat weeg).
- Opleier lei die hersiening van elke ankervraestel en kommentaar. (**LET WEL:** Ankervraestelle word in volgorde van hoog na laag in elke puntvlak geplaas.)

*Oefen Individuele Puntetoekenning*

- Nasieners ken individueel punte aan 'n pak oefenvraestelle toe. Nasieners moet die vraestelle onafhanklik nasien.
- Opleier teken punte aan en lei bespreking. (Oefenvraestelle moet puntetelling en kommentaar bevat.)

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 20ste-eeuse Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994 – Kontemporêr | (40) |
| AFDELING D: | Teatergeskiedenis, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A**
**VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**
**Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die betrokke 20ste-eeuse Teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**
- *Caucasian Chalk Circle* Bertolt Brecht
- *Kaukasiese Krytsirkel* Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *Mother Courage* Bertolt Brecht
- *Moeder Courage* Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *The Good Person of Szechwan* Bertolt Brecht
- *Kanna Hy Kô Hystoe* Adam Small

**OF**

**TEATER VAN DIE ABSURDE**
- *Waiting for Godot* Samuel Beckett
- *Afspraak met Godot* Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks
- *Bagasie* André P Brink
- *The Bald Primadonna* Eugene Ionesco
- *Die Kaalkop Primadonna* Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks

**OF**

**POSTMODERNE TEATER**
- *Skrapnel* Willem Anker
- *Top Girls* Carol Churchill
- *Popcorn* Ben Elton
- *Buried Child* Sam Shepard

3. **AFDELING B**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**
VRAAG 2: *Woza Albert!* Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF**
VRAAG 3: *Sophiatown* Junction Avenue Teater Company **OF**
VRAAG 4: *Siener in die Suburbs* PG du Plessis

4. **AFDELING C**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**
VRAAG 5: *Nothing but the Truth* John Kani **OF**
VRAAG 6: *Groundswell* Ian Bruce **OF**
VRAAG 7: *Mis* Reza de Wet

5. **AFDELING D**
**Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag (VRAAG 8) wat VERPLIGTEND is.**

## AFDELING A: 20ste-EEUSE TEATERBEWEGINGS

## VRAAG 1

| Gehaltevlak | Punte-toekenning | Gehalte van bewyse |
|---|---|---|
| Uitstekend | Punt<br>24–30 | Die antwoord dui toepassing van 'n redelike strategie aan wat lei tot 'n korrekte oplossing in die konteks van die probleem. Die prosedurevoorstellings/-uitbeeldings is korrek. Die verduideliking en/of regverdiging is logies gegrond, duidelik aangebied, volledig ontwikkel, steun die oplossing, en bevat geen belangrike konseptuele foute nie. Die antwoord toon volledige begrip en ontleding van die probleem. |
| Gemiddeld en Bogemiddeld | Punt<br>15–23 | Die antwoord dui toepassing van 'n redelike strategie aan wat tot 'n korrekte oplossing in die konteks van die probleem kan lei van nie lei nie. Die gebruik van inhoud/vaardigheid is essensieel korrek. Die verduideliking en/of regverdiging is oor die algemeen goed ontwikkel, moontlik en steun die oplossing. Die antwoord toon duidelike begrip en ontleding van die probleem. |
| Behaal | Punt<br>11–14 | Die antwoord dui op onvolledige toepassing van 'n redelike strategie aan wat tot 'n doelgeskikte korrekte oplossing kan lei van nie lei nie. Die gebruik van inhoud/vaardigheid is fundamenteel korrek. Die verduideliking en/of regverdiging steun die oplossing en is aanvaarbaar. Die antwoord toon 'n konseptuele begrip en ontleding van die probleem. |
| Swak | Punt<br>1–10 | Die antwoord dui min of geen toepassing van 'n redelike strategie aan nie. Dit kan die korrekte antwoord bevat of nie. Die gebruik van inhoud/vaardigheid is onvolledig of ontbreek. Die verduideliking en/of regverdiging toon ernstige beredeneringsgebreke. Die antwoord toon minimale begrip en ontleding van die probleem. |
| Nie Behaal Nie | Punt<br>0 | Die antwoord is heeltemal verkeerd en irrelevante. Daar is moontlik geen antwoord nie, of die antwoord is: 'Ek weet nie.' |

Die volgende dien as 'n riglyn:

**Die kandidaat moet:**

- Hierdie vraag in die vorm van 'n opstel beantwoord
- Gebruik voorbeelde vanuit die toneelteks wat hy/sy bestudeer het om die argument te bewys
- Na een van drie bewegings: Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater verwys
- Na die bron in sy/haar antwoord verwys
- Toon dat die vraag en bron in sy/haar opstel ontleed, verstaan en geïntegreer is

**Die inhoud van die opstel moet die volgende dek:**

1. EEN gekose teaterbeweging:
   - Teater van die Absurde OF
   - Epiese Teater OF
   - Postmoderne Teater
2. Die toneelteks bestudeer
3. Die vraag
4. Die bron
5. Verwys na ten minste TWEE dramatiese elemente, soos karakters, temas, taal, opvoertegnieke om die argument te ondersteun.

**Nasiener se aantekeninge:**

- Kandidaat moet toon dat die bogenoemde verstaan, krities ontleed en in die opstel toegepas is
- Kennis wat gememoriseer is, moet in 'n oorspronklike argument gekontekstualiseer word wat feitlike, kontekstuele, prosedure- en metakognitiewe denke toon
- Die rubriek op die volgende bladsy is 'n riglyn vir die nasiener om die volgende te assesseer:
  - Kennisdimensievlakke (onthou, verstaan, toepas, ontleed, evalueer en skep)
  - Kompleksiteit van denke deur kandidaat getoon (feitelik, konseptueel, prosedure, metakognitief)
- Antwoorde moet in die vorm van 'n essay wees.

| BESKRYWER | PUNT | DIE KANDIDAAT TOON DIE VOLGENDE: |
|---|---|---|
| **Uitstaande**<br><br>**Metakognitiewe Kennis**<br><br>**Skep** | **27–30**<br>**90–100**<br>**A+** | **Denkproses:** Pas feitlike, konseptuele, prosedure-, en metakognitiewe kennis in die vraag, bron en inhoud toe.<br>• Integreer die vereistes van die vraag en bron op 'n nuwe, kreatiewe en oorspronklike wyse.<br>• Evalueer voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n omvattende reeks insiggewend gekose teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Ontwerp en skep 'n argument volgens 'n nuwe en unieke patroon wat refleksiewe kreatiewe, kritiese en analitiese denke toon.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon vermoë om te skep, te herorganiseer, te ontdek, te verander en te verbeter. |
| **Uitstekend**<br><br>**Metakognitiewe Kennis**<br><br>**Evalueer** | **24–26**<br>**80–89**<br>**A** | **Denkproses:** Ondersoek feitlike, konseptuele, prosedure- en metakognitiewe kennis in die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die **vraag** en **bron** op 'n gedifferensieerde, vertolkende en interessante wyse.<br>• Beoordeel/Assesseer voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n betekenisvolle reeks toepaslik gekose teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Stel 'n argument volgens 'n interessante patroon saam wat reflektiewe, kritiese en analitiese denke toon.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon vermoë om te beoordeel, kritiek te lewer, aan te beveel en voor te stel. |
| **Verdienstelik**<br><br>**Prosedure-kennis**<br><br>**Ontleed** | **21–23**<br>**70–79**<br>**B** | **Denkproses:** Ontleed, onderskei en ondersoek feitlike, konseptuele en prosedurekennis in die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die **vraag** en **bron** op 'n gedifferensieerde en vertolkende wyse.<br>• Ontleed/Dissekteer voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n breë reeks toepaslik gekose teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Stel 'n argument saam wat kritiese en analitiese denke toon.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon vermoë om gevolgtrekkings te maak, begrippe te dekonstrueer, met mekaar in verband te bring, toe te skryf, te ontdek. |
| **Wesenlik**<br><br>**Prosedure-kennis**<br><br>**Toepas** | **18–20**<br>**60–69**<br>**C** | **Denkproses:** Ontleed en onderskei feitlike, konseptuele en prosedurekennis in die vraag, bron en inhoud. Integreer die vereistes van die **vraag** en **bron** op 'n georganiseerde, gedifferensieerde en verklarende wyse.<br>• Integreer voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n breë reeks toepaslik gekose teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Verskaf 'n argument wat kritiese en analitiese denke toon.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon 'n vermoë om toe te pas, saam te stel en te integreer. |
| **Voldoende**<br><br>**Konseptuele Kennis**<br><br>**Begrip** | **15–17**<br>**50–59**<br>**D** | **Denkproses:** Verduidelik, interpreteer en herformuleer feitlike en konseptuele kennis van die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die **vraag** en **bron** op 'n konvensionele wyse.<br>• Interpreteer voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n breë reeks teoretiese, praktiese en estetiese inhoud, voorspelbaar.<br>• Verskaf 'n argument wat analitiese denke toon.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon vermoë om te interpreteer, met mekaar in verband te bring, toe te lig, te klassifiseer, op te som, te vergelyk en te verduidelik. |
| **Gemiddeld**<br><br>**Konseptuele Kennis**<br><br>**Begrip** | **12–14**<br>**40–49**<br>**E** | **Denkproses:** Verduidelik en interpreteer feitlike en konseptuele kennis van die vraag, bron en inhoud. Integreer die vereistes van die **vraag** en **bron** op 'n gedifferensieerde wyse.<br>• Verduidelik voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n voorspelbare reeks teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Skryf 'n verduideliking in voorspelbare/algemene denkprosesse.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon vermoë om te interpreteer, met mekaar in verband te bring, toe te lig, klassifiseer, op te som, te vergelyk en te verduidelik. |
| **Elementêr**<br><br>**Feitlike Kennis**<br><br>**Onthou** | **10–11**<br>**30–39**<br>**F** | **Denkproses:** Definieer en pas kennis uit geheue toe. Integreer die vereistes van die **vraag** en **bron** op 'n ongekompliseerde/reguit/fundamentele vlak op 'n algemene wyse.<br>• Kies voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n beperkte reeks teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Skryf 'n verduideliking met voorspelbare denkprosesse.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon elementêre vermoë om probleem op te los, te identifiseer, te noem, in verband te bring, te definieer. |
| **Nie Behaal Nie**<br><br>**Feitlike Kennis**<br><br>**Onthou** | **1–9**<br>**20–29**<br>**G** | **Denkproses:** Onthou en pas kennis uit geheue toe. Probeer om **vraag** en **bron** te integreer, maar toon beperkte tot basiese vermoë om die vereistes van die vraag en aanhaling op te los.<br>• Kies voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n beperkte, voorspelbare reeks teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon beperkte vermoë om te identifiseer, te noem, in verband te bring en te definieer. |
| **Nie Behaal Nie**<br><br>**Feitlike Kennis**<br><br>**Onthou** | **0**<br>**H** | **Denkproses:** Toon geen begrip van die **vraag** of **bron** nie, kan nie opstel skryf nie, gee geen voorbeelde uit die toneelteks van die teaterbeweging. OF<br>• Bied feite aan wat nie verband met vraag het nie. OF<br>• Nie in staat om te identifiseer, te noem, in verband te bring, te definieer nie.<br>**Kognitiewe vlak:** Bied gememoriseerde inligting en inhoud aan wat nie die vraag antwoord nie. |

Die volgende is algemene inligting oor die teaterbewegings.

**EPIESE TEATER**

**Bedoeling en doel:**

- Distansieer die gehoor (emosioneel)
- Moedig die gehoor aan om die wêreld waarin hulle leef meer krities en duideliker te beskou eerder as om hulle oortuigings as vanselfsprekend te beskou
- Maak duidelike onderskeid tussen 'n Illusieteater ('Dramatiese' Teater) en Epiese Teater
- Teen die idee van skynvertoon ('pretence') gekant ('n tipiese kenmerk van Realisme), beeld eerder die ongevoeligheid van die werklike lewe uit
- Toeskouers moet deur die hele toneelstuk bedag/op hulle hoede wees
- Verwyder die 'illusie' van Realisme
- Gebruik verskillende tegnieke om die gehoor te vervreem – verskil tussen wat hulle op verhoog sien en dit wat werklik is

**Tegnieke:**

- 'Verfremdungseffekt' of vervreemding distansieer gehore van die aksie op die verhoog
- Musiek moet noemenswaardige kommentaar lewer op die handeling, bv. in *Moeder Courage* waar die ironies bitter woorde van 'n liedjie wat oor die karakter se geleidelike morele agteruitgang handel, doelbewus op 'n soet, sorgelose wysie getoonset is. Die onversoenbaarheid van die wysie en die woorde dwing die gehoor om oor die ware betekenis van die liedjie na te dink
- Liedjies wat tussen tonele geplaas word om die gehoor te vertel wat moet gebeur voor dit plaasvind
- Verhoogruimte is nie spesifiek nie
- Dekorstelle is eenvoudig en simbolies
- Teater wat die handelinge wat aangebied word, 'vreemd' moet maak
- Historifikasie – die dramaturg moet die 'verledenheid' van die gebeure beklemtoon deur dit van die hede te skei

**Gehoorreaksie:**

- Toeskouer moet dink dat indien hy/sy dieselfde toestande getoon het as dié wat in die toneel ervaar is, hy/sy anders sou opgetree het as gevolg van die lesse wat geleer is
- Toeskouers oorweeg wat hulle sou gedoen het om 'n positiewe verskil te maak
- Toeskouer moet geïnspireer wees om soortgelyke waardevolle maatskaplike/sosiale veranderinge met betrekking tot die huidige stand van sake te maak
- Toeskouer word aangemoedig om maatskaplike/sosiale hervormings in sy/haar gemeenskap of omgewing in te stel

**TEATER VAN DIE ABSURDE**

**Die Absurdistiese wêreld:**

- Lyk asof daar geen ware orde of betekenis is nie
- Bied die gehoor 'n eksistensialistiese standpunt van die buitewêreld
- Forseer die gehoor om hulle betekenis in die wêreld te bevraagteken
- Het geen definitiewe, spesifieke of herkenbare bestaan nie
- Stel voor dat mense is wat hulle van hulleself maak
- Stel voor dat mense deur hulle handelinge en keuses gekenmerk word
- Het 'n pessimistiese beskouing van die menslike lewenstryd
- Is hoofsaaklik met die mens se soeke na betekenis gemoeid

**Karakters:**

- Is nie vas/konsekwent nie
- Verteenwoordig die mensdom, terwyl hulle self niks is nie

- Bestaan in 'n droewige wêreld sonder betekenis
- Is verlore, verward
- Alle handelinge/aksies is waardeloos en absurd
- Nar-agtig
- Bly bymekaar omdat hulle bang is om in so 'n onverstaanbare wêreld alleen te wees
- Gebrek aan identiteit– vervelig, oninteressant en sonder diepte
- Vol foute
- Nie goed afgerond nie – het geen verlede nie en die gehoor kry weinig aanduiding van wat die toekoms kan wees
- Bly staties en toon geen ontwikkeling nie
- Kom oor as afstootlik, pateties, ongelukkig en onbevoeg
- Kom voor as emosioneel leeg
- Hulle eienskappe word oordryf
- Word gebruik om Absurdiste se standpunte oor die menslike toestand uit te druk
- Is onderling afhanklik
- Is sosiale marionette'
- Voer tweeman-optredes op

**Taal en dialoog:**

- Dui daarop dat mense nie met kommunikasie bedrewe is nie
- Tree as hindernis tot kommunikasie op
- Isoleer die individu nog meer
- Toon dat taal/spraak feitlik waardeloos is
- Bevraagteken die waarde van taal
- Het vermoë om te kommunikeer verloor
- Kommunikasiepogings 'disintegreer' dikwels van clichés tot betekenislose lettergrepe
- Onvermoë van taal om gaping tussen die karakters te oorbrug
- Uitbeelding van ontmensliking, outomatisering en betekenisloosheid van menslike bestaan
- Bied die onverwagte, die bisarre en die absurde aan
- Gebruik stilte eerder as die gesproke woord
- Bevat betekenislose gesprekke
- Is 'uit gewoonte' en oppervlakkig
- Word beskou as 'n ontsnapping aan die verveligheid van die lewe
- Skep/Bou nuwe woorde
- Bevat banale alledaagse gesprekke gemeng met literêre taal, dubbele betekenisse, clichés, sleng en herhalings deurspek met poëtiese taal
- Uitbeelding van herhalende dialoogstyl om sikliese aard van die lewe te beklemtoon

**Temas ondersoek en toon die:**

- Tydelikheid en verganklikheid van tyd
- Tragiese gesukkel om van jou self bewus te word in die genadelose proses van vernuwing en vernietiging wat in die lewe plaasvind
- Verandering van tyd
- Hindernisse tot kommunikasie
- Nimmereindigende soeke na die werklikheid (realiteit)
- Tragiese aard van verhoudings
- Mens se angs in die aanskyn van totale betekenisloosheid
- Angs (eksistensiële angs)
- Isolasie en eensaamheid van die mens, verlore in 'n wêreld waarin God hom verlaat het
- Illusie dat wetenskap en rasionele denke antwoorde of betekenis gee

**POSTMODERNISME**

**Die Postmoderne wêreld:**
- Verwerp die sekerhede van die Moderne Tydperk
- Bevat geen groot narratief/vertelling of enkele waarheid nie
- Verwerp die idee dat daar 'n dominante stel oortuigings of 'n netjiese oplossing is
- 'Vernietig' die 'waarheid'
- Verwelkom veelvuldige standpunte, perspektiewe, realiteite
- Sluit kuns, teater, argitektuur, musiek, rolprente, letterkunde, modes, TV en ander vorms van uitdrukking in
- Leen by 'n reeks verskillende style
- Verwerp die idee van 'hoë kuns' en 'lae kuns'
- Verwelkom avant-garde-(toekomsgerigte/aktivistiese denke) eksperimentele teater
- Skryf nie 'suiwerheid' in kuns voor nie
- Is sterk teen hoë kuns gekant ('Trashes high art')
- Het nie vaste manier om kuns te skep nie
- Beweeg in die rigting van 'n meer subjektiewe opinie/mening
- Meen dat kultuur aan almal behoort
- Dekonstrueer ('n manier om vasgestelde idees uitmekaar te haal en weer op 'n nuwe, ontwrigte/verdeelde en deurmekaar manier aanmekaar te sit) idees, beelde en konstrukte/konsepte
- Weerspreek idees, beelde en konstrukte/konsepte
- Skryf nie 'n betekenis, standpunt of perspektief voor nie
- Meen dat elke individuele kyker sy/haar eie unieke betekenis skep
- Besin en vier die malligheid en chaotiese leefwyse in 'n Populêre kultuur
- Geniet nonsenskuns, -idees, -konstrukte/-konsepte en -teorieë
- Sien ironie en humor
- Beklemtoon HOE dinge gesien word, eerder as WAT gesien word

**Pastiches**
- Is 'n tegniek in visuele kunste waar verskillende beelde, mediavorms, ens. saamgeflans word om een stuk te vorm
- Gebruik verwysings en verskeie lae, verskillende tekste en beelde
- Gebruik Metateater/-teks
- Herinner kykers daaraan dat hulle in die teater is
- Bevat karakters wat uit karakter kan tree en met die gehoor kan kommunikeer
- Is die kunswerk wat oor homself besin
- Konstruksie is nie-lineêr
- Is refleksief/besinnend
- Is periferaal, nie-essensieel
- Bevat teorieë of idees
- Is gebroke
- Kan met baie standpunte en teenstrydige/botsende stemme oorvleuel

**Opvoerings is:**
- Die hooffokus
- Die hoofproses
- Nie in 'n manuskrip/teks vasgelê nie, omdat dit uit beelde, klanke en multimedia bestaan

**Repetisieprosesse is:**
- Geïmproviseer
- Verander
- Hersien
- Op datum gebring/Bygewerk
- Voortdurend tydens optrede/opvoering omskep

**Gehoor is:**
- 'n Belangrike aktiewe element
- Dikwels by die dialoog betrek

**Toneeltekste:**
- Het nie 'n duidelike begin, middel of einde nie
- Maak die manuskrip/teks net die beginpunt
- Het onbeantwoorde vrae

**Tekste (visueel, gehoor, die menslike liggaam, ens.):**
- Kyk na temas of teatertegnieke/-middele
- Laat die toneelstuk se einde oop
- Verwelkom die idee dat die gehoor hul eie betekenis skep
- Vra meer vrae as wat beantwoord word
- Bevat visuele beelde en nie-gesproke aksies/handelinge
- Dekonstrueer 'n waarheid en aanvaar nie net een realiteit nie
- Gebruik tyd, ruimte en struktuur om die gedekonstrueerde of gedefragmenteerde storie of intrige te eggo
- Het nie noodwendig werklike mense nie
- Bevat karakters en mense wat bloot 'n verteenwoordiging van gefragmenteerde idees is
- Begin dikwels op 'n realistiese punt, maar ontrafel en die aksie word onwerklik soos wat die toneelstuk ontwikkel

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Die kandidaat moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.

### VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

2.1 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Die volgende is 'n riglyn:
**Satire:**

- Is 'n vorm van komedie
- Spot met individue of sosiale stelsels deur die proses van reduksie
- Spot met en verkleineer gesagsfigure
- Gebruik komiese elemente om ernstige kwessies uit te beeld wat apartheid-Suid- Afrika beïnvloed het (2)

2.2 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken 3 punte vir 3 stellings toe.

Die volgende is 'n riglyn:
**Vinnige toneelveranderinge is moontlik omdat:**

- Daar slegs twee akteurs is wat baie rolle speel
- Die dekorstel karig gemeubileerd en oop is en daarom maak dit toneel-veranderinge maklik
- Akteurs slegs sweetpakbroeke dra en dit laat hulle toe om vinnig karakters te verander sonder die nodigheid om op kostuums te fokus
- Akteurs ruimte gebruik om plek/ligging te wys
- Akteurs gebruik die drama-'vries'-tegniek gebruik om verandering van tyd of plek/ligging te toon (3)

2.3 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Die volgende is 'n riglyn:
**Die hansworsneuse weerspieël die absurditeit van die apartheidsregime omdat:**

- Dit snaaks is om na te kyk
- Hulle die gesigsuitdrukkings grotesk humoristies maak
- Die akteurs soos varke lyk
- Hulle daaraan gewoond is om wit mense of gesagsfigure te spot of voor te stel
- Die gesag van die magtige 'wit' man verkleineer word (3)

2.4 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Die volgende is 'n riglyn:
**Die skeppers kon gekies het om isiZulu en Afrikaans te gebruik omdat:**

- Die insluiting van hierdie tale die gehoor wat moontlik verskillende tale praat, in staat stel om te verstaan
- Hierdie tale weerspieël en verteenwoordig 'n groot persentasie van die Suid-Afrikaanse bevolking
- Die verskillende tale die toneelstuk 'n Suid-Afrikaanse gevoel en karakter gee
- Lede van die gehoor dalk makliker met spesifieke karakters wat hulle taal praat, kan identifiseer
- Dit die karakter wat uitgebeeld word geloofwaardigheid gee (3)

2.5 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die toneelstuk kry dit reg om die gehoor betrokke te hou deur die volgende te gebruik:**
- Diverse karakters, bv. multikultureel, veeltalig en van verskillende geslagte
- Vinnige aksie, m.a.w. 26 kort tonele met vinnige karakterveranderinge
- Sang en dans is lewendig en energiek en sal die gehoor betrokke hou
- Fisieke teater, bv. uitbeelding van 'n helikopter word met behulp van die akteurs se liggame geskep
- Mimiek, bv. gare in 'n naald inryg
- Komedie en karikatuurwerk, bv. karikature van wit mense wat met pienk neuse geskep word
- Akteurs wat hulle eie klankeffekte skep, bv. die klank van polisiesirenes
- Skep verskillende omgewings/milieus, bv. Robbeneiland, Albertstraat

**Vokale optrede:**
**Akteurs gebruik:**
- Vokale variëteit om verskillende karaktertipes te skep, soos Aunty Dudu, die tandlose ou man, Baas Kom
- Verskillende klanke, soos 'n instrumentele jazz-orkes, polisiesirenes, motor- en masjienklanke, deur die gebruik van vokale en verbale dinamiek

**Fisiese optrede:**
**Akteurs:**
- Gebruik hulle liggame om van een karakter in 'n ander te verander
- Skep uitbeeldings met hulle liggame, bv. trein, helikopter
- Is rats en soepel om aan die fisiese vereistes en die aksie van die toneelstuk te voldoen want daar is ses en twintig tonele (6)

2.6.1 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Dekorstel en rekwisiete is:**
- Minimalisties – geen warboel nie, want dit sal in Arm/Gestroopte Teaterstyl opgevoer word
- Kostuumstander waaraan bykomende rekwisiete en kostuumstukke gehang kan word. Dit sal die pas van die toneelstuk versnel want akteurs sal nie die verhoog hoef te verlaat om van karakter te verander nie
- Multifunksionele teekiste/kratte kan gebruik word, bv. as 'n asblik, vragmotor, bankie
- 'n Kombers wat op 'n multifunksionele wyse gebruik kan word, bv. haarkappersmantel, in tronk
- Hansworsneuse kan gebruik word om wit karakters en myners voor te stel
- Enige ander relevante item gekies en gemotiveer (4)

2.6.2 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken EEN punt vir die venue/plek toe.
Ken TWEE punte vir die motiveringtoe.

Die volgende is 'n riglyn:
**Die venue kan enige deel van die skool wees. Kandidate kan die keuse van venue/plek volgens Grotowski se beginsels van Arm/Gestroopte Teater motiveer.**
**Byvoorbeeld:**
Die toneelstuk kan in 'n klaskamer, skoolsaal of op die skoolgrond opgevoer word. *Woza Albert!* benodig nie oordadige stelstukke nie (slegs kartondose en 'n klerestander), daarom sal 'n klaskamer geskik wees. 'n Meer algemene antwoord met motivering kan aanvaar word, bv. 'n skoolsaal waar 'n groter hoeveelheid kan bywoon. (3)

2.6.3 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die toneelstuk sal geskik wees vir opvoering by 'n Jeugdagfees omdat:**
- Die onderwerp van die toneelstuk relevant is om die jare se stryd en verset van die onderdrukte mense gedurende die apartheidstydperk te onthou
- Hedendaagse jongmense bewus gemaak moet word van die geleefde ervarings tydens apartheid sodat hulle geëer kan word en hulle erfenis kan vier.
- Die jeug uit die foute van die verlede kan leer as hulle verstaan watter lyding veroorsaak is deur die apartheidsregering
- Die jeug mag dalk voortgaan om te stry teen sosio-ekonomiese euwels wat steeds algemeen in die samelewing voorkom (6)

2.7 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk te lei.

Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Die volgende is 'n riglyn:
***Woza Albert!* kan as 'Suid-Afrika se voortreflikste voorbeeld van sosiale teater' (reël 14) beskou word, omdat:**
**Sosiopolitieke agtergrond:**
- Dit relevante maatskaplike kwessies en euwels gedurende apartheid uitlig, bv. armoede en magsmisbruik
- Dit op alle fasette van die Suid-Afrikaanse samelewing fokus, bv. onderdrukte werkers, werkgewers wat onderdruk en minderwaardige Bantoe-onderwys

**Doelstellings:**

- Om mense te mobiliseer om teen politiese, ekonomiese en sosiale euwels te protesteer
- Om teen diskriminasie en ongeregtigheid te protesteer, bv. Paswette en die apartheidstelsel
- Om mense oor apartheid in te lig
- Om mense te vermaak terwyl hulle ingelig word

**Opvoeringstyl:**

Het die boodskap van die stuk doeltreffend oorgedra deur:

- 'n Verskeidenheid vermaaklike teatertegnieke en genres, bv. dans, fisiese teater en sang
- Verbale en vokale dinamiek
- Mimiek

**Akteur-gehoorverhouding:**

- Die akteur-gehoorverhouding is dinamies en die invloed word lank nadat die gehoor die teater verlaat het, gevoel, d.i. die akteurs het direkte kontak met die gehoor, daarom is die boodskap intiem en onmiddellik (10)

**[40]**

## VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE TEATER COMPANY

3.1 Nasieners aanvaar ander relevante antwoorde.

Die volgende is 'n riglyn:

- Jakes het 'n advertensie in die *Drum*-tydskrif geplaas vir 'n wit meisie wat gewillig sou wees om in Sophiatown te woon omdat hy gevoel het dat dit tydens apartheid interessante leesstof sou wees
- Hy wou oor iets anders as die sport boks skryf. Hy wou fokus op 'n sosiale eksperiment wat hy geglo het hom bevordering sou besorg.
- Ruth het op die advertensie gereageer en kom dus in Sophiatown aan omdat sy die lewe buite haar wit voorstedelike leefstyl wou ervaar (4)

3.2.1 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n kreatiewe begrip toon van hoe kostuum karakter weerspieël.

Ken volpunte toe vir:

- TWEE goed gemotiveerde stellings

Die volgende is 'n riglyn:
Ruth moet 'n blywende eerste indruk skep wanneer sy die eerste keer in Sophiatown aankom.

**Ruth kan die volgende dra**

- 'n Moulose blommetjiesrok om haar borrelende gemoedelike persoonlikheid te toon
- Kleurvolle sandale met 'n medium hakkie om haar 'n vroulike voorkoms te gee en om haar blommetjiesrok te komplementeer
- 'n Horlosie wat sy kan gebruik om te weet hoe laat dit is wanneer sy by die deur aankom (4)

3.2.2 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kreatiwiteit met die blok van 'n toneel toon. Kandidate moet begrip toon van die aard en effek van die blok van 'n toneel.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is slegs een moontlike manier waarop die toneel geblok kan word. Kandidate mag hulle eie, unieke blokkering van die toneel aanbied:

- Die deur is voorverhoog regs en soos wat Ruth verskyn, nader sy die deur
- Sy klop
- Mamariti bly in haar stoel, voorverhoog links
- Lulu, wat by die lessenaar agterverhoog regs sit, kyk van haar werk op en omdat sy die klop en Mamariti se bevel hoor, stap sy na regs voor en
- maak die deur oop
- Princess gaan voort om haar naels agterverhoog links te verf, maar kyk nuuskierig op na wie ook al by die deur is
- Ruth kom op
- Mingus strompel in, nuuskierig en aggressief, en fokus op Ruth (6)

3.2.3 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat vokale en fisiese verskille tussen die karakters toon. **Kandidate moet al drie karakters noem.**

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings

Die volgende is 'n riglyn:
**Die regisseur kan die volgende voorstel:**
**Ruth:**

- Het selfvertroue en staan dus regop
- Kan haar senuagtigheid en onsekerheid deur haar aksies weerspieël
- Kan haar senuweeagtigheid en onsekerheid deur haar fisiese aksies en gebare weerspieël
- Kan 'n Joodse aksent hê

**Lulu:**

- Is 'n tiener, nog op skool, dus kan sy te lewendig of lusteloos wees
- Is meesal arrogant en ietwat rebels omdat sy glo dat die onderrig wat sy ontvang, nie op standaard is nie
- Sê wat haar pla, moontlik dikwels op 'n parmantige manier of effens luid en nadruklik

**Princess:**

- Geniet al die aandag en hou daarvan om bewonder te word
- Is selfversekerd, maar voel tog bedreig deur Ruth se aankoms
- Dwing respek af, maar word soms gespot en 'op haar plek gesit' omdat Mingus moeg word vir haar behoefte aan voordurende aandag
- Praat op klaerige manier want sy eis aanhoudend Mingus se aandag
- Haar stemtoon is aggressief en sy soek konfrontasie (6)

3.3 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet TWEE voordele gee.

Ken volpunte toe vir:

- TWEE goed gemotiveerde stellings

Die volgende is 'n riglyn:
**Malcolm Purkey:**

- Het ondervinding want hy was betrokke by die werksessie/werkswinkel van die oorspronklike toneelstuk. Hy het uitgebreide kennis van die onderwerp, styl, karakters en gewenste impak van die toneelstuk
- Is een van die skeppers van die toneelstuk wat beteken dat hy meer kundig (ingelig) oor die toneelstuk is en dus goed toegerus (ervare) is om akteurs te lei (regisseer) om 'n geloofwaardig (ware) vertoning te lewer
- Is 'n ervare regisseur wat dus sy vindingrykheid na die toneelstuk bring, en op so 'n wyse tot die kreatiwiteit en trefkrag van 'n opvoering bydra. (4)

3.4 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Kandidate kan vir of teen die skrywer se siening wees.**
**Mingus:**

- Is 'n arrogante bendelid omdat hy glo dat hy 'n 'eerlike bendelid' is aangesien hy net in die stad steel/roof. Dit is wat Mingus in die toneelstuk oor homself sê.
- Is die leier van die American-bende en hou daarvan om oor almal baas te speel.
- Hou daarvan dat dinge op sy manier gedoen word en almal te hiet en gebied, bv. in die eerste toneel dring hy daarop aan dat Jakes namens hom 'n liefdesbrief skryf. Hy dikteer die brief vir hom en beveel dat Princess presies om sesuur by sy plek moet wees en noem dat hy nie daarvan hou om te wag nie.
- Is geïrriteerd wanneer Ruth weier om saam met hom op 'n nagrit te gaan. Hy kan nie glo dat 'n vrou vir hom sal nee sê nie.
- Glo daaraan om geweld te gebruik om te kry wat hy wil hê. Jakes vertel Ruth dat Mingus vir Princess geslaan het totdat sy hom lief gehad het
- Hy hiet en gebied Charlie om sy vuil werk te doen, bv. hy sê vir Charlie om die blaffende hond wat Ruth snags wakker hou, dood te maak. Hy beveel ook vir Charlie om vir Ruth 'n bad reg te kry
- Is die man van die huis en vertel almal in die huis hoe dinge moet wees
- Raak gewelddadig as hy nie sy sin kry nie, soos bv. die manier waarop hy Princess behandel, bv. hy sê dat hy haar sal aanrand as sy aanhou om oor Ruth te kla. Hy behandel haar soos een van sy besittings aangesien hy die een is wat vir haar sorg. Hy voel hy is daarop geregtig om haar enige tyd wat hy wil, te mishandel en hy waardeer ook nie haar menings nie. Sy wil 'n model wees, maar Mingus steun nie haar droom nie. Hy is bang dat hy beheer oor haar sal verloor. (6)

3.5 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk te lei.

Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Die volgende is 'n riglyn:
**Opvoer/Verhoogkleding/Verhoogopstelling:**

- Is dinamies en innoverend
- Gebruik Brechtiaanse slagspreuke en tekens
- Inkorporeer multimedia
- Gebruik agterdoeke wat prente toon van mense wat teen die gedwonge verskuiwing in Sophiatown was

**Temas:**

- Bantoe-onderwys is een van die temas wat deur Lulu se karakter vertoon word. Sy wil nie skool toe gaan nie want sy voel die onderrig wat sy kry, is minderwaardig en dat dit haar nie iewers in die lewe sal bring nie. Bantoe-onderwys was 'n minderwaardige stelsel van onderwys wat daarop gemik was om die meerderheid van die bevolking onderdruk en in dwang te hou. Dit is 'n herinnering oor hoe ver ons sedert demokrasie gekom het en dat almal nou 'n regverdige kans het om te slaag

- Gedwonge verskuiwings is die hooftema van hierdie toneelstuk. Baie inwoners van Sophiatown wou nie wegtrek nie. Hulle het plakkate met slagspreuke daarop gehad, soos 'Ons sal nie trek nie'. Dit is vandag nog vir baie mense relevant wat steeds om verskeie redes uit hulle huise verwyder word. Die gevoelens wat deur die karakters in die toneelstuk uitgedruk word, sal resoneer met mense wat op grondherverdeling gefokus is
- Rampokkery wat in die toneelstuk uitgebeeld word, ontbloot die omvang van die misdaad in Sophiatown as gevolg van 'n tekort aan werk en armoede. Bendes ding mee en veg oor beheer van gebiede en meisies. Die situasie vandag het nog nie veel verander nie omdat daar 'n toename in bende-aktiwiteit en misdaad is as gevolg van oorbewoning, werkloosheid en 'n gebrek aan geleenthede

**Onderwerp:**

- Karakters en gebeurtenisse kon die mense wat tydens apartheid onderdruk is, gemobiliseer het en bewustheid by die gehoor geskep het wat voorheen onbewus was van die situasie in Suid-Afrika, terwyl kontemporêre gehore die toneelstuk as 'n gedokumenteerde stukke geskiedenis kan beskou, 'sodat ons nie vergeet nie'.
- Universele kwessies sal enige tyd herkenbaar en relevant wees (10)

**[40]**

## VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

4.1.1 Kandidate moet beide tyd en plek aandui om volpunte te kry.
- Suidelike voorstede van Johannesburg
- 1970's (2)

4.1.2 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Die kandidaat moet begrip toon van hoe die keuse van venue die konteks en inhoud van die toneelstuk sal beïnvloed.

Ken punte soos volg toe:
- Een punt vir die keuse van venue EN
- Twee punte vir twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier punte vir vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die toneelstuk kan opgevoer word in:**
- 'n Agterplaas met verwaarloosde geboue as agtergrond kan die armoede weerspieël
- 'n Skrootwerf kan geroesde, ongebruikte materiaal insluit wat die agteruitgang van die omgewing van die toneelstuk weerspieël
- 'n Motorwerkswinkel met meganiese toerusting om Tjokkie se werk aan die 1948-Buick voorstel
- Gemeenskapsaal (5)

4.1.3 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
- Die karakters stel universele persoonlikheidseienskappe voor, bv. Jakes is 'n boelie
- Die karakters hoop en droom almal daarvan om aan die siklus van armoede waarin hulle lewe, te ontsnap
- Die toneelstuk handel dus oor die universele temas van armoede, hoop en drome (6)

4.1.4 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Die kandidaat moet 'n begrip van die toneel se konteks en agtergrond/ligging toon.

Ken volpunte toe vir
- Drie aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Jou geselskap kan die volgende insluit:**
- 'n Motor wat 'n nuwer model is vir Tjokkie om aan te werk
- Moderne kostuums vir die karakters
- Kontemporêre meubels en dekor
- Rasverteenwoordiging (3)

4.1.5 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Die kandidaat moet 'n begrip van effektiewe bemarking toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Prent A:**
- Dit bevat die oorspronklike rolverdeling wat potensiële gehore dalk kan boei.
- Die kostuums is getrou aan die tyd en plek van die oorspronklike

**Prent B:**
- Bevat moderne stelelemente waarby gehore aansluiting kan vind, bv. Volkswagen Golf
- Die veelrassige toneelgroep maak dit makliker om met hulle te identifiseer en te assosieer (4)

4.1.6 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Die kandidaat moet 'n toon van rekwisiete wat kan help met die karakterisering.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die volgende rekwisiete kan vir Ma gebruik word:**
- 'n Asmapompie om te wys dat sy altyd met angs- en borsprobleme sukkel.
- 'n Sak waarmee sy kan vroetel om te toon hoe angstig sy is.
- Mop/Besem om die stereotipiese huisvrou wat verdoem is om by die huis te bly terwyl die man afwesig of 'vermis' is, te toon. (3)

4.1.7 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Die kandidaat moet 'n begrip toon van hoe 'n akteur die realistiese vertolking van 'n karakter moet benader.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Kandidate moet fokus op 'n geïntegreerde ontleding van hoe realisme in die teater tot die voorbereiding en uitbeelding van die karakter oorgedra/oorgebring word. Noem Stanislavski se Stelsel/Metode. 'n Geloofwaardige, oorspronklike benadering tot karakterisering en toneelspel moet erken word.

Die volgende is 'n riglyn:
**Die akteur wat Ma speel, kan 'n begrip toon van die volgende aspekte van Stanislavski se Stelsel/Metode, bv.:**
**Fisiese stand van aksies**
- Aksies en reaksies moet realisties wees
- Gebruik fisiese aksie (gesigsuitdrukking, gebare en beweging) op 'n natuurlike en geloofwaardige manier om die lewe van die toneelstuk op die verhoog te skep

**Doelwitte en superdoelwitte ('Beat Work')**
- Verskuiwings in denke en gevoelens moet effektief, realisties en geloofwaardig weergegee/vertolk word
- Eenhede en doelwitte moet in die akteur se fisiese en vokale uitdrukking weerspieël

**Vokale uitdrukking**
- Die akteur moet die illusie van 'n werklike gesprek skep aangesien die toneelstuk realisties is
- Lei akteur in die begrip van die gedagtes en gevoelens wat in die akteur se vokale reaksies deur stemhoogte, pas, tempo, volume, ens. weerspieël word

**Magiese As ('Magic If')**
- Die akteur moet speel asof hy/sy die karakter is en daarom kan fisiese en vokale uitdrukking in elke opvoering verskil, maar tog altyd realisties bly

**Aandagsirkels**
- Die akteur se fokus moet op die wêreld van die toneelstuk, en nie op die gehoor wees nie.

**Emosionele geheue**
Akteur kan persoonlike ervarings gebruik om werklike emosies uit te beeld (6)

4.2 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk te lei.

Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet 'n begrip toon van 'tragies dog hoopvol'.

Die volgende is 'n riglyn:
**Tragedie in die toneelstuk:**
Die gesin is nie finansieel sterk nie want hulle is afhanklik van Ma wat die enigste broodwinner is en op haar pensioen staatmaak om te oorleef.
- Hulle het baie min kans om aan hulle armoede te ontsnap
- Giel lewe van Ma se pensioen en gebruik Ma vir 'n dak oor sy kop.
- Jakes is 'n boelie en intimideer ander om te kry wat hy wil hê
- Tiemie is vasbeslote om weg te kom uit die 'suburbs' en om nie soos Ma te word nie maar op die ou einde het sy 'n slagoffer van haar omgewing geword want sy het swanger geraak.
- Jakes rand vir Tiemie aan wat wys dat hy nie verstaan wat liefde is nie
- Giel los Ma by die eerste tekens van die verkryging van rykdom

**Hoopvol:**
- Die karakters hoop om aan die siklus van armoede en morele agteruitgang te ontsnap, bv. Tiemie wil aan haar desperate maatskaplike en ekonomiese situasie ontsnap deur met 'n goeie man te trou wat haar uit die arm wit woonbuurt sal red
- Gehore word van die probleme in die samelewing bewus gemaak

**Hopeloosheid:**
- Die dood van Tiemie en Tjokkie wys dat daar geen hoop is om uit die 'suburbs' weg te kom nie

**Dramatiese spanning:**
- Die kontras tussen begeerte om weg te kom uit die 'suburbs' en die onvermoë om weg te kom skep dramatiese spanning tussen hoop en hopeloosheid (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994–KONTEMPORÊR

### VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Die kandidaat moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.

5.1 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OR
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Mandisa en Thando stry want:**
- Hulle kom pas van 'n WVK-verhoor af en hulle het verskillende standpunte oor die kwessies, situasie, gebeure en uitkomste van die WVK gebaseer op die manier waarop hulle grootgemaak is
- Hulle is beide passievol oor die kwessies onder bespreking
- Daar is bestaande spanning in die gesin oor die aankoms van Themba se as so die WVK tree as katalisator vir debat op (4)

5.2 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die dialoog is realisties want:**
- Dit klink soos alledaagse spraak/gesprekke
- Karakters het geloofwaardige emosies en antwoorde
- Spanning word ontwikkel deur konflik en gesprekke, vrae en antwoorde
- Realistiese dialoog bevat 'n subteks waarin spannings aangevoel word
- Dit bestaan meesal uit vrae en antwoorde
- Dit is gemotiveer deur 'n argument, en is daarom twisgierig
- Dit is emotief; bespreek wraak, moord en wil die feite uitlig
- Gaan oor die onderwerpmateriaal van die toneelstuk, bv. morele kwessies van die TRC en volle openbaarmaking na amnestie (4)

5.3 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die dekorstel:**
- Kan die sitkamer of kombuis van die Makhaya-gesin uitbeeld
- Sal uit gemaklike sitkamermeubels bestaan
- Sal die koffietafel met die kruik met Themba se as bevat
- 'n Sytafeltjie met foto's van die gesin kan die leefruimte huislik laat lyk
- 'n Boekrak met boeke en lêers kan Sipho se liefde vir boeke weerspieël aangesien hy 'n bibliotekaris is
- Stoelkleedjies om die meubels te beskerm kan wys dat die Makhaya-gesin omsien na hulle besittings en dat daar 'n gevoel van huistrots is
- Is 'n omgewing vir die aksie (4)

5.4 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kreatiwiteit t.o.v. die blok van 'n toneel toon. Kandidate moet 'n begrip toon van die aard en gevolg van die blok van 'n toneel.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Verhoudings tussen die karakters:**
- Akteurs moet nie te naby aan mekaar staan nie
- Akteurs moet nie spel roof ('upstage') of mekaar afskerm nie

**Beweging van akteurs op die stel:**
- Akteurs moet die betekenis en belang van spelareas weet, bv. middelverhoog is belangriker as agterverhoog
- Akteurs moet alle onnodige beweging uitskakel
- Die beweging moet geblok word volgens karaktermotivering en aksie (4)

5.5 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Kandidate moet fokus op 'n geïntegreerde ontleding van hoe realisme in die teater tot die voorbereiding en uitbeelding van die karakter oorgedra/oorgebring word. Noem Stanislavski se Stelsel/Metode. Kandidate moet Mandisa se emosionele toestand identifiseer 'n Geloofwaardige, oorspronklike benadering tot karakterisering en toneelspel moet erken word. .

Die volgende is 'n riglyn:
**Die akteur wat Mandisa speel, kan 'n begrip van die volgende aspekte van Stanislavski se Stelsel toon, bv.:**
**Fisiese stand van aksies**
- Aksies en reaksies moet realisties wees
- Gebruik fisiese aksie (gesigsuitdrukking, gebare en beweging) op 'n natuurlike en geloofwaardige manier om die lewe van die toneelstuk op die verhoog te skep

**Doelwitte en Superdoelwitte ('Beat Work')**
- Verskuiwings in denke en gevoelens moet effektief, realisties en geloofwaardig weergegee/vertolk word
- Eenhede en doelwitte moet in die akteur se fisiese en vokale uitdrukking weerspieël word

**Vokale Uitdrukking**
- Die illusie van 'n werklike 'visie' word geskep, want die toneelstuk is realisties
- Gedagtes en gevoelens moet ontleed en begryp word om in die akteur se stemhoogte, pas, tempo, volume, ens. weerspieël te word

**Magiese As ('Magic If')**
- Die akteur moet leef asof hy/sy die karakter is wat hierdie 'visioene' sien

**Aandagsirkels**
- Die akteur se fokus moet op die wêreld van die toneelstuk en nie op die gehoor wees nie.

**Emosionele geheue**
Akteur kan persoonlike ervarings en werklike emosies (6)

5.6 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die rol van vroue in die samelewing word op verskillende maniere in die toneelstuk uitgebeeld:**
- Aanvaar enige relevante voorbeelde wat Thando, Mandisa, Sindiswa, Thelma, Sipho se moeder, Miriam Makeba, Mrs Potgieter, ens. beskryf
- Vroue word uitgebeeld as onderdanig, onafhanklik, bang, onbetroubaar, egbrekers, kreatief, modern, tradisioneel, bekoorlik, konserwatief, eiewys, parmantig, sakevroue, onderwysers, vertalers/tolke, versorgers. Hierdie baie fasette word in verskillende vroue in die toneelstuk gesien, bv. Thando is 'n geleerde, konserwatiewe, tradisionele Afrikavrou wat haar vader se gesag respekteer en ook as onderdanig beskou kan word want sy daag nie sy gesag uit nie. (6)

5.7 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE B om jou nasienwerk te lei.

Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Die volgende is 'n riglyn:
**Thando se toespraak is relevant want dit handel oor die volgende:**
**Sosiopolitieke kwessies:**
- Huidige sosiopolitieke kwessies wat nog aangepak moet word, bv. wantroue en rassisme
- Heropbou van Suid-Afrika, bv. HOP, WVK, vrede
- Na apartheid in Suid-Afrika, bv. versoening met wreedhede en genesing van wonde uit die verlede

**Ons samelewing:**
- Die probleme struikelblokke wat oorkom moet word om 'n funksionele demokrasie, ekonomie en sosiale infrastruktuur op te bou, bv. regstelling van ongelykhede

**Temas en boodskappe**
- Boodskappe van waarheid, vergifnis, liefde en versoening
- Die behoefte om vorentoe te beweeg, weg van bitterheid en woede
- Hoop op 'n beter toekoms persoonlik en op die vlak van die hele samelewing (12)

**[40]**

## VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

6.1 A = Johan
B = Smith
C = Thami (3)

6.2 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken:
- Een punt toe vir onderwerpmateriaal
- Twee punte toe vir die motivering

Die volgende is 'n riglyn:
**As gevolg van julle opgewerkte en noue houding lyk dit asof hulle vurig oor die onderwerp is wat enige een van die volgende kan wees:**
- Die diamanttransaksie
- Hulle verwagtinge en planne vir die toekoms om geld te maak en voorspoedig te wees
- Potensieel geld uit die diamantprospektering te maak (3)

6.3 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die verhouding tussen die karakters word deur die volgende uitgedruk:**
**Hulle ruimtelike verhouding op die verhoog:**
- Karakters is fisies naby aan mekaar wat impliseer dat hulle almal in die onderwerp belangstel
- Johan en Thami leun na Smith toe wat kan beteken dat hulle iets by hom wil hê en probeer om hom te oortuig om in hulle idee te belê

**Gesigsuitdrukking:**
- Johan en Thami het opgewonde uitdrukkings op hulle gesigte wat te kenne gee dat hulle gretig is om diamante te prospekteer sodat hulle ryk kan word
- Smith lyk geïnteresseerd en asof hy hulle voorstel oorweeg want hy soek dalk 'n projek wat betekenis aan sy lewe sal gee

**Gebare:**
- Thami se regterhand lyk asof dit sy drome visualiseer wat beteken hy is ambisieus
- Smith hou 'n drankie vas en sit ontspanne terug in sy stoel wat te kenne gee dat hy die mag in hierdie situasie in sy hande het

**Houding:**
- Beide Johan en Thami is op hulle knieë wat voorkom asof hulle Smith smeek om in te stem (6)

6.4 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Smith:**
- Duur pak wat te kenne kan gee dat hy 'n ryk man op vakansie is
- Oopnekhemp wat voorstel dat hy ontspanne is

**Johan:**
- Alhoewel hy denim-jeans dra, dra hy 'n boordjiehemp en das met 'n leerbaadjie wat moontlik te kenne gee dat hy Smith wil beïndruk

**Thami:**
- Deftige swart broek en vars wit hemp wat moontlik werksklere vir sy rol as bestuurder van Garnet Lodge is
- Oopnekhemp wat kan wees dat hy nie aan diens is nie (4)

6.5 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Realisme het ten doel om 'n deel van die lewe op die verhoog te toon, daarom sal daar met die stel gepoog word om so na as moontlik aan die werklikheid te wees
**Die stel kan as realisties beskou word want:**
- Die toneelstuk speel af teen 'n spesifieke verblyfplek – Garnet Lodge
- Daar is aandag aan besonderhede met betrekking tot die stel en rekwisiete gegee, bv. sebravel op vloer, die see as tema (dekor met visvangnette), antieke omlysting van die vuurherd en gemaklike rusbanke
- Klok op kaggelrak
- Dit weerspieël die historiese tydraamwerk van die toneelstuk (6)

6.6 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Die volgende is 'n riglyn:
**Die temas is steeds vandag relevant vir Suid-Afrikaanse gehore want:**
- Die temas is universeel, bv. gierigheid, desperaatheid en die behoefte om in die lewe sukses te behaal
- Individue is steeds in hulle omstandighede vasgevang en hoop op 'n beter lewe, bv. Johan wat wil ontsnap aan die feit dat hy in die verlede 'n man doodgemaak het
- Hopeloosheid is steeds algemeen in ons samelewing en word deur die karakters se reaksie op situasies uitgedruk, bv. Johan se desperaatheid om van sy verlede te ontsnap en 'n beter toekoms te skep
- Ekonomiese sekuriteit en desperaatheid bestaan steeds in die samelewing en 'n gehoor sal maklik met die karakter identifiseer asook hulle behoefte aan sukses en om vir hulle gesinne te sorg
- Angs en vrees lei onvermydelik tot konfrontasie en wanhoop want dit sal die gehoor se aandag trek na die aksie in die toneelstuk, bv. Johan wat die ander karakters as gyselaars aanhou
- Daar is steeds, en sal altyd wees, persoonlike, sosiale, politieke en ekonomiese deinings in die eb en vloei van die lewe soos dit die stres en geluk van die lewe weerspieël
- Die spanning en stemming van die toneelstuk word deur die deining/vloedgolf beïnvloed. (6)

6.7 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE B om jou nasienwerk te lei.

Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
- Garnet Lodge is nie hulle tuistes nie; dis tydelike verblyf vir hulle want dis 'n vakansieplek of 'n werksplek
- Die dreigende en wilde omgewing van die Weskus dra by tot hulle isolasie
- Hulle isolasie dwing hulle om persoonlike situasies te konfronteer, bv. Johan se desperaatheid om homself van sy verlede te bevry en na 'n toekoms van finansiële stabiliteit te beweeg, Thami se besef dat hy sal moet teruggaan na die Oos-Kaap na sy gesin wat in arm omstandighede leef, Smith wat na betekenis in sy aftrede soek, ens.
- Konflik ontstaan tussen die mans deur hulle begeerte om 'n geldmaakskema te skep wat hulle hoop hulle uit hulle huidige verskillende werklikhede sal bevry. Johan moet aan sy verlede ontsnap en 'n beter toekoms vir homself skep, terwyl Thami desperaat is om vir sy gesin te sorg. Smith is afgetree en soek 'n doel is sy lewe. Die diamanttransaksie kan die karakters uit hulle desperate situasies red. (12)

**[40]**

**VRAAG 7: *MIS* DEUR REZA DE WET**

7.1 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Die volgende is 'n riglyn:
- Konstabel het van 'n polisieman in 'n pierrot/harlekyn verander en sy klere is nou meer kleurvol en betowerend. (2)

7.2 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet 'n begrip toon van hoe 'sig' en 'sien' as 'n metafoor in die toneelstuk gebruik word.
Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Sig word soos volg gebruik:**
- Konstabel gee voor dat hy blind is om die vertroue van die vroue te wen, hy 'sien' egter die waarheid
- Al die vroue kan met hulle oë sien, maar is blind vir die waarheid
- Meisie sien die helder liggies van die sirkus maar sy kan dit nie bereik nie en bly in die duisternis
- Gabriel kan nie sien wat in die huis gebeur nie, en kan daarom nie die waarheid aan die einde van die toneelstuk aanskou nie (6)

7.3 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet 'n begrip van Konstabel se karakter toon.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Konstabel is 'n goeie karakter want hy:**
- Bevry Meisie uit haar onderdrukkende omgewing
- Ontsluit die onderdrukte begeertes van die vroue
- Forseer Meisie nie om saam hom te verdwyn nie

**Konstabel is 'n slegte karakter want hy:**
- Lieg vir die vroue oor sy blindheid en sy beroep
- In wese ontvoer hy vir Meisie
- Gebruik die vroue se swakhede teen hulle om hulle te manipuleer
- Belowe om hulle te beskerm maar doen dit nie

**Kandidate kan redeneer dat Konstabel beide goede en sleg is** (6)

7.4 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet 'n begrip van beligting en klank toon en hoe dit toneelmatig gebruik kan word. Sien holisties na.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Beligting:**
- Die sirkusliggies kan helderder word soos hy sy kleurvolle baadjie vertoon. Dit kan te kenne gee dat hy dalk van die sirkus af is. Die olielampe op die verhoog kan verdof of helderder word om die aanwesigheid van die magiese aan te dui

**Klank:**
- Die klank van sirkusmusiek kan al hoe harder gedurende sy transformasie gespeel word om die verskyning van die magiese aan te dui
- Die klank van die wind kan al hoe harder gespeel word om die spanning en belangrikheid van die oomblik te beklemtoon (6)

7.5 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Die kandidaat moet 'n begrip toon van hoe 'n akteur die transformasie van die karakter moet benader.

Die volgende is 'n riglyn:
**Die akteur wat Konstabel speel, kan 'n begrip van die volgende aspekte van Stanislavski se Stelsel weergee, bv.:**
**Fisiese stand van aksies**
- Aksies en reaksies moet realisties wees
- Gebruik fisiese aksie (gesigsuitdrukking, gebare en beweging) op 'n natuurlike en geloofwaardige manier om die lewe van die toneelstuk op die verhoog te skep

**Doelwitte en Superdoelwitte ('Beat Work')**
- Verskuiwings in denke en gevoelens moet effektief, realisties en geloofwaardig weergegee/vertolk word
- Eenhede en doelwitte moet in die akteur se fisiese en vokale uitdrukking weerspieël word

**Vokale Uitdrukking**
- Die illusie van 'n werklike 'visie' word geskep, want die toneelstuk is realisties
- Gedagtes en gevoelens moet ontleed en begryp word om in die akteur se stemhoogte, pas, tempo, volume, ens. weerspieël te word

**Magiese As ('Magic If')**
- Die akteur moet leef asof hy/sy die karakter is wat hierdie 'visioene' sien

**Aandagsirkels**
- Die akteur se fokus moet op die wêreld van die toneelstuk en nie op die gehoor wees nie.

**Emosionele geheue**
Akteur kan persoonlike ervarings en werklike emosies (8)

7.6 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE B om jou nasienwerk te lei.

Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet 'n begrip toon van transformasie as 'n tema in die toneelstuk.

Die volgende is 'n riglyn:
**Transformasie word soos volg ontwikkel:**
**Karakters:**
**Miem:**
- Het sterk Calvinistiese oortuigings oor die sirkus wat voorkom dat sy transformeer
- Glo nie aan die transformatiewe mag van die sirkus nie
- Glo die sirkus is onnatuurlik, soos die fratse wat vertoon word en voorkom dat Meisie haar nuuskierigheid bevredig
- Verander nie met tyd nie, bly vas in haar geloof

**Gertie:**
- Glo aan die magiese potensiaal van die sirkus alhoewel sy skuldig voel oor haar nuuskierigheid
- Ervaar 'n transformatiewe oomblik wanneer sy praat oor die fratse wat sy by die sirkus gesien het
- Transformeer terug na die werklikheid wanneer Miem haar verskyning maak

**Meisie:**
- Het 'n aanhoudende begeerte na transformasie
- Ervaar skuldgevoelens by die gedagte aan transformasie
- Transformeer wanneer sy die storie vertel van hoe sy na die sirkus uitgeglip het en die towenaar asook die meisie in die kis gesien het
- Transformeer permanent aan die einde van die toneelstuk wanneer sy haar aannemingsrok aantrek en saam Konstabel gaan

**Konstabel:**
- Transformeer van Konstabel in 'n pierrot/harlekyn
- Is die karakter in die toneelstuk wat die transformasie van die ander karakters inspireer en veroorsaak (12)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

### VRAAG 8 (VERPLIGTEND)

8.1.1 Nasieners aanvaar ander relevante antwoorde.

Die volgende is 'n riglyn:
**Fisieke teater** is 'n teatervorm wat die liggaam gebruik om stories te vertel. (2)

8.1.2 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.
Sien holisties na.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Akteurs moet:**
- Fisies sterk wees om aan die vereistes van die taak te voldoen, bv. oplig, spronge, mekaar dra, ens.
- Gemaklik met hulle eie liggame wees om vertroue te gee en te ontvang
- Gefokus wees en konsentreer op dit wat hulle op die verhoog doen om beserings te voorkom
- Soepel wees en beheer hê om te voldoen aan die eise van hulle optrede
- Opgelei wees die vaardighede hierbo te gebruik om 'n indruk op hulle akteurs te maak (6)

8.1.3 Nasieners aanvaar ander relevante antwoorde. Aanvaar enige TWEE nadele.

Die volgende is 'n riglyn:
**Die nadele van maskers:**
- Die volume van die akteur se stem sal beïnvloed word
- 'n Verandering in gesigsuitdrukkings gaan verlore as die gesig deur 'n masker verberg word
- Die akteur se visie kan deur die masker gestrem word (4)

8.1.4 Nasieners aanvaar ander relevante antwoorde. Die kandidaat moet begrip toon van die uitdagings waarvoor 'n regisseur te staan kan kom.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Uitdagings:**
- Stiptheid omdat die span produktief moet wees tydens hulle tyd saam. Party lede van die rolverdeling kan vervoerprobleme hê en dit kan die regie van die toneelstuk negatief beïnvloed.
- Tegniese elemente is dalk nie beskikbaar nie en daar is nie dalk ook nie die vaardighede beskikbaar om dit doeltreffend te gebruik nie. Die regisseur sal ook moet begryp hoe dit, bv. beligting, klank, ens. die boodskappe van 'n opvoering sal beïnvloed

8.1.4
- Akteur-opleier want die regisseur werk dalk met onopgeleide akteurs en gevolglik sal die regisseur moet weet hoe om die akteurs op te lei.
- Wanorde sal die vordering van die oorhoofse kreatiewe visie van die regisseur verhinder as repetisies nie behoorlik georganiseer is om produktief en doeltreffend te werk nie.
- Gebrek aan kreatiwiteit kan 'n hindernis wees omdat die regisseur kreatiewe keuses ten opsigte van alle aspekte van die opvoering moet maak.
- 'n Tekort aan produksiebefondsing kan ook die proses moeilik maak, bv. beligting, kostuums en rekwisiete (6)

8.1.5 Nasieners aanvaar ander relevante antwoorde. Die kandidaat moet 'n begrip en kennis toon van die vaardighede.

Die volgende is 'n riglyn:
**Vokale vaardighede:**
Artikulasie, resonansie, interkostale diafragmatiese asemhaling, ens.
**Fisieke vaardighede:**
Opwarming, neutrale liggaamsposisie, ontspanning, ens.
**Toneelspelvaardighede:**
Enige Stanislavski-beginsels, karakterisering, ens.
**Tegniese kennis:**
Die gebruik van rekwisiete, musiek, oorgange ('links'), tableaux, ens.

8.2 Verwys na die rubriek in BYLAE B om jou nasienwerk te lei. (12)

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

## BYLAE A: RUBRIEK VIR VRAAG 2, 3 en 4: 10 PUNTE

| BESKRYWER | PUNT | DIE KANDIDAAT |
|---|---|---|
| **Uitstaande**<br><br>**Metakognitiewe Kennis**<br><br>**Skep** | **9–10** | Denkproses:<br>• Toon 'n kreatiewe benadering tot feitlike, konseptuele, prosedure-, en metakognitiewe kennis.<br>• Ondersoek, beoordeel en kontekstualiseer die vraag en aanhaling op 'n oorspronklike manier.<br>• Toon 'n oorspronklike begrip van die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging<br>• Maak waardeoordele gebaseer op 'n geregverdigde stel kriteria.<br>• Gee 'n nuwe perspektief en skep oorspronklike insigte.<br>• Verskaf en evalueer 'n uitgebreide reeks teoretiese en estetiese voorbeelde wat insiggewend gekies is en op die toneelteks en dramatiese beweging gebaseer is.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te verander, te beoordeel, te beredeneer en te herorganiseer. |
| **Verdienstelik**<br><br>**Prosedure-kennis**<br><br>**Evalueer** | **7–8** | Denkproses:<br>• Bied feitlike, konseptuele en prosedurekennis aan.<br>• Ondersoek en kontekstualiseer die vraag en aanhaling op 'n interessante wyse.<br>• Toon 'n insiggewende begrip van die vraag, die aanhaling die toneelteks en dramatiese beweging.<br>• Verskaf en ontleed 'n wye reeks teoretiese en estetiese voorbeelde wat insiggewend gekies is en op die toneelteks en dramatiese beweging gebaseer is.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te ondersoek, voor te stel, te beoordeel, te evalueer en om gevolgtrekkings te maak. |
| **Gemiddeld**<br><br>**Konseptuele Kennis**<br><br>**Ontleed** | **5–6** | Denkproses:<br>• Toon feitlike en konseptuele kennis.<br>• Ondersoek en kontekstualiseer die vraag en aanhaling.<br>• Bied 'n geskikte antwoord aan wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>• Gee en ondersoek voorbeelde uit die toneelteks en die dramatiese beweging.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon die vermoë om te ondersoek, te kontrasteer, te onderskei, te klassifiseer. |
| **Elementêr**<br><br>**Feitelike Kennis**<br><br>**Toepas** | **3–4** | Denkproses:<br>• Toon feitlike kennis.<br>• Verstaan die vraag en aanhaling op 'n elementêre vlak.<br>• Toon 'n bietjie feitlike kennis.<br>• Verskaf 'n reguit, voorspelbare antwoord wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>• Gee 'n paar voorbeelde uit die toneelteks.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon die vermoë om aansluiting te vind, te organiseer, te vertolk, te identifiseer en te integreer. |
| **Behaal**<br><br>**Feitelike Kennis**<br><br>**Onthou** | **1–2** | Denkproses:<br>• Herroep feitelike kennis.<br>• Toon 'n basiese begrip van die vraag en die aanhaling.<br>• Verskaf 'n paar reguit/basiese feite wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te identifiseer, te noem, te definieer, te vergelyk en te verduidelik. |
| **Nie Behaal Nie** | **0** | Denkproses:<br>• Bied onsamehangende, onverwante feitelike kennis aan.<br>• Toon geen begrip van die vraag en die aanhaling nie.<br>• Verskaf 'n feite wat nie met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou nie.<br>• Gee geen voorbeelde uit die toneelteks of die dramatiese beweging nie.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat is nie in staat om te identifiseer, te noem, te herken of te definieer nie. |

*Kopiereg voorbehou*

## BYLAE B: RUBRIEK VIR VRAAG 5, 6, 7 en 8: 12 PUNTE

| BESKRYWER | PUNT | DIE KANDIDAAT |
|---|---|---|
| **Uitstaande**<br><br>**Metakognitiewe Kennis**<br><br>**Skep** | **11–12** | Denkproses:<br>• Toon 'n kreatiewe benadering tot feitlike, konseptuele, prosedure-, en metakognitiewe kennis.<br>• Ondersoek, beoordeel en kontekstualiseer die vraag en aanhaling op 'n oorspronklike manier.<br>• Toon 'n oorspronklike begrip van die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging<br>• Maak waardeoordele gebaseer op 'n geregverdigde stel kriteria.<br>• Gee 'n nuwe perspektief en skep oorspronklike insigte.<br>• Verskaf en evalueer 'n uitgebreide reeks teoretiese en estetiese voorbeelde wat insiggewend gekies is en op die toneelteks en dramatiese beweging gebaseer is.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te verander, te beoordeel, te beredeneer en te herorganiseer. |
| **Verdienstelik**<br><br>**Prosedure-kennis**<br><br>**Evalueer** | **9–10** | Denkproses:<br>• Bied feitlike, konseptuele en prosedurekennis aan.<br>• Ondersoek en kontekstualiseer die vraag en aanhaling op 'n interessante wyse.<br>• Toon 'n insiggewende begrip van die vraag, die aanhaling die toneelteks en dramatiese beweging.<br>• Verskaf en ontleed 'n wye reeks teoretiese en estetiese voorbeelde wat insiggewend gekies is en op die toneelteks en dramatiese beweging gebaseer is.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te ondersoek, voor te stel, te beoordeel, te evalueer en om gevolgtrekkings te maak. |
| **Gemiddeld**<br><br>**Konseptuele Kennis**<br><br>**Ontleed** | **7–8** | Denkproses:<br>• Toon feitlike en konseptuele kennis.<br>• Ondersoek en kontekstualiseer die vraag en aanhaling.<br>• Bied 'n geskikte antwoord aan wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>• Gee en ondersoek voorbeelde uit die toneelteks en die dramatiese beweging.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon die vermoë om te ondersoek, te kontrasteer, te onderskei, te klassifiseer. |
| **Elementêr**<br><br>**Feitelike Kennis**<br><br>**Toepas** | **5–6** | Denkproses:<br>• Toon feitlike kennis.<br>• Verstaan die vraag en aanhaling op 'n elementêre vlak.<br>• Toon 'n bietjie feitlike kennis.<br>• Verskaf 'n reguit, voorspelbare antwoord wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>• Gee 'n paar voorbeelde uit die toneelteks.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon die vermoë om aansluiting te vind, te organiseer, te vertolk, te identifiseer en te integreer. |
| **Behaal**<br><br>**Feitelike Kennis**<br><br>**Onthou** | **3–4** | Denkproses:<br>• Herroep feitelike kennis.<br>• Toon 'n basiese begrip van die vraag en die aanhaling.<br>• Verskaf 'n paar reguit/basiese feite wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te identifiseer, te noem, te definieer, te vergelyk en te verduidelik. |
| **Nie Behaal Nie** | **0–2** | Denkproses:<br>• Bied onsamehangende, onverwante feitelike kennis aan.<br>• Toon geen begrip van die vraag en die aanhaling nie.<br>• Verskaf 'n feite wat nie met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou nie.<br>• Gee geen voorbeelde uit die toneelteks of die dramatiese beweging nie.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat is nie in staat om te identifiseer, te noem, te herken of te definieer nie. |

Kopiereg voorbehou

## BLOOMS SE TAKSONOMIE

**Klassifiseringstelsel om verskillende vlakke van mensekennis te definieer en te onderskei**

| DIE KENNIS-DIMENSIE 4 DENK-PROSES-VLAKKE | ↓ → | DIE KOGNITIEWEPROSES-DIMENSIE: 6 KOGNITIEWE VLAKKE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **Onthou** | **Verstaan** | **Toepassing** | **Ontleding** | **Evaluering** | **Skep** |
| | **Feitelik** | Noem | Opsom | Reageer | Kies | Gaan na vir | Ontwikkel |
| | **Konseptueel** | Herken | Klassifiseer | Verskaf | Onderskei | Bepaal | Stel saam |
| | **Prosedure** | Herroep | Verklaar | Uitvoer | Integreer | Beoordeel | Ontwerp |
| | **Metakognitiewe** | Identifiseer | Voorspel | Gebruik | Dekonstrueer | Besin | Skep |

| **1. Onthou** | |
|---|---|
| Herwin gememoriseerde inligting, kennis, feite, definisies, lyste, konvensies, neigings, reekse, klassifikasies, kategorieë, kriteria, metodologie en maniere/wyses om met spesifisiteite van die universele, abstraksiebeginsels, veralgemenings, teorieë en struktuur te hanteer | |
| **Noem** | Spesifiseer (tyd of plek) as iets gewens, voorgestel of op besluit<br>Om te identifiseer, spesifiseer of by naam noem |
| **Identifiseer** | Om 'n probleem, behoefte, feit, ens. te herken en te toon wat dit is en dat dit bestaan<br>Om te bewys wie of wat iemand of iets is |
| **Kies** | Kies noukeurig, bepaal of besluit dat dit die beste of geskikste is |

| **2. Verstaan** | |
|---|---|
| Konstrueer betekenis uit verskillende tipes kennis, organiseer, vergelyk, vertaal, interpreteer en haal uit | |
| **Verduidelik** | Maak iets duidelik, maklik te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul.<br>Gee 'n rede om te regverdig of verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) |
| **Beskryf** | Om 'n gedetailleerde beskrywing van iets te gee, vertel, te beskryf, uit te druk |
| **Motiveer** | Gee 'n rede, bied feite en argumente om iets te ondersteun aan, noem iets |

| **3. Toepassing** | |
|---|---|
| Om 'n prosedure uit te voer, te implementeer of te gebruik om 'n probleem in 'n nuwe situasie op tye los of te ontwikkel deur toepassing van verworwe kennis, feite, reëls, tegnieke | |
| **Voorstel** | Lei tot, argumenteer, toon, wys, dui aan dat (iets) bestaan of die geval is<br>Vir oorweging voorstel<br>Om 'n idee, moontlike plan of aksie aan ander mense te noem vir oorweging<br>Om 'n idee uit te dink/voort te bring |

| **4. Ontleding** | |
|---|---|
| Breek inligting in dele op. Bepaal hoe die dele verwant is deur identifisering, onderskeiding of organisering van elemente, verhoudings, beginsels, motiewe, doelwitte of oorsake. Maak afleidings/gevolgtrekkings en vind bewyse om veralgemenings te ondersteun. | |
| **Reageer/Antwoord** | Antwoord/Reageer in woorde |
| **Bespreek** | Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg dit |
| **Skryf** | Skryf, stel saam, produseer |
| **Ontleed** | Ondersoek iets metodies en in besonderhede, tipies om te ontdek, te verduidelik en te interpreteer |
| **Oorweeg** | Dink aandagtig oor iets, tipies voordat 'n besluit geneem word of 'n oordeel/keuse gemaak word |

| **5. Evaluering** | |
|---|---|
| Om opinies/menings aan te bied en te verdedig deur oordele oor inligting, geldigheid van idees, of gehalte van werk te maak gebaseer op 'n stel kriteria en standaarde met behulp van kontrolering/nagaan en kritiek | |
| **Evalueer** | Om die betekenis/belangrikheid, waarde, doel of toestand van iets deur noukeurige waardebepaling en studie te bepaal, te beoordeel, ten einde te verstaan/begryp, te interpreteer of te lei |

| **6. Skep** | |
|---|---|
| Gebruik kreatiewe individuele insig en gedagtes om inligting te herorganiseer en saam te stel deur die ontwikkeling, beplanning en skep van 'n nuwe patroon, produk of struktuur | |
| **Skep** | Ontwikkel uit eie denke of verbeelding, as 'n kunswerk, 'n uitvinding of iets nuuts<br>Gee aanleiding tot ontstaan |

*Kopiereg voorbehou*